

Ds. A. W. C. Bester  
Vredendal Wes  
22 Oktober 1978

Onderwerp: Plaasvervanger  
Nagmaal

Lees: Jesaja 21 verse 1 tot 12

Teks: Jesaja 21 verse 11 en 12  
2 Samuel 18 vers 33  
Markus 15 vers 34

Sing: Psalm 118 vers 12  
Gesang 125 vers 2

“My seun Absalom, my seun, my seun Absalom! Ag, as ek self maar in jou plek gesterf het! Absalom, my seun, my seun!” (2 Sam 18:33) Dit was Dawid se smartlike geroep na Absalom se tragiese einde. Dit was ’n vader wat getreur het oor sy seun, wie se sondes hom uiteindelik ingehaal het, daar waar hy gehang het aan die boom van die dood. Maar wat ook in daardie geroep na vore gekom het, was ’n suggestie van die Evangelie, naamlik die wens vir ’n plaasvervanger.

“Ook in Jesaja 21 was daar ’n angstige en dringende geroep uit die sondeduisternis van Seir. Dit was ’n dubbele geroep: ‘Wagter, hoe ver is dit in die nag? Wagter, hoe ver in die nag?’ (Jes 21:11)

“Teenoor Dawid se gedempte versugting, was hierdie ’n vurige verlange na die Lig. Waar Dawid se gebed ’n onverhoorde versoek in die wind was, het hierdie roepende heimwee uit Seir ’n antwoord ontvang: ‘Die môre kom’. (Jes 21:12)

“Die môre kom! Dit kom wanneer die nag op sy donkerste is. Dit kom met die blink Môrester. Dit is Jesus Christus.

“As begenadigdes kan u en ek vanmôre terugkyk na die verskyning van hierdie Môrester. Dit is Jesus aan die hemelgewelf van hierdie wêreld. Die Nagmaal gee ons opnuut die versekering dat God die noodroep van die sondaar gehoor het en dat Hy op ’n besondere wyse geantwoord het. Daardie antwoord was Jesus Christus aan die kruis op Golgota.

“Geen mens kan, soos Dawid gewens het, in die plek van ’n ander sterf nie. Daarom het God sy Seun gegee om in ons plek te sterf: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het,

sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.’ (Joh 3:16)

“In Jesus Christus het die môre gekom. In Jesus Christus is die profetiese Woord vervul en staan dit vas. Sonder Hom sou hierdie profetiese Woord ’n troostelose boodskap gewees het en sou daar geen Evangelie gewees het nie.

“Ons hoor vanmôre opnuut die waarheid aan Jesus Christus se tafel: God gee sy skepping nie prys nie. Hy laat die werk van sy hande nie vaar nie. Wanneer die nag op sy donkerste is en die roepende nood van die mens uit die dieptes opklink in sy ore, is Hy gereed om te verlos.

“God het in die volheid van die tyd sy Seun gegee om sy volk van hulle sondes te verlos. En wanneer die maat van die eeue vol is en sy gesmade bruidskerk moeg is van wag, sal daar om middernag die geroep weerklink: ‘Daar kom die bruidegom; gaan uit hom tegemoet!’ (Matt 25:6) ‘Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.’ (Hebr 4:16) Soos op Golgota gryp God vandag nog in.

“Die kruis was ewenwel nie ’n gemaklike oplossing nie. Die saak is nie maar as ’n kort onderonsie tussen Vader en Seun afgehandel nie. Wie só dink moet vanmôre weer luister na die gekruisigde Jesus Christus se smartkreet: ‘My God, my God, waarom het U My verlaat?’ (Matt 27:46) Dit is die Seun van God wat hier roep. Só volkome het Hy in ons plek gestaan, dat Hy ook die Godverlatenheid van die sondaar ondervind het.

“Broers en Susters, sonde skei die mens van God. Jakobus het geskryf: ‘en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort.’ (Jak 1:15) Dit voer weg na die oord van ewige skeiding en Godverlatenheid. Om ons van hierdie einde te red, moes God sy Seun verlaat, sodat God ons nooit weer sal verlaat nie. Sodat ons sondenag in ’n ewige dag oorgaan. Sodat die môre vir ons kom.

“Jesus se geroep in die negende uur aan die kruis was ’n klop aan die Hemelpoorte namens ons. Dit is die geroep van die mens in die mens Jesus Christus, die Seun van God, wat in die mens se plek gesterf het. En Broers en Susters, wanneer die sondige mens so deur die regverdige Here ten hemele roep, hoor God altyd. Hy kan nie weier nie. In die ‘My God’ is God reeds naby en is die antwoord gewaarborg. Daar is reeds

oorwinning in die geroep. Kyk die duisternis klaar op. Die Voorhangsel skeur. Die nuwe lewende weg na die Heiligdom is gebaan. Die poorte van die Hemel staan wyd oop. Die kruis het vir ons die boom van die lewe geword. Kan ons dan vanmôre anders as om in die lig hiervan soos Thomas te sê? 'My Here en my God!' (Joh 20:28)

“Die Heilige Gees pleit vanmôre by ons: Wil julle vra? Vra! Keer terug. Kom! Die Nagmaal verseker ons dat daar 'n geopende weg is. Die voorhangsel is weggeneem. God nooi ons om toe te tree. Christus Jesus wil vanmôre hierdie versoening in elkeen se lewe bewerk: 'Laat julle met God versoen.' (2 Kor 5:20)

“Broers en Susters, daar is nie 'n kortpad Hemel toe wat nie by die kruis van Jesus Christus verbyloop nie. Daar is geen vernuwing sonder versoening nie. Dit is alleen in Jesus Christus dat alles nuut word. Sonder Jesus Christus is daar geen sprake van herlewing nie. Maar wie hierdie seën wil ontvang, moet bereid wees om die koste te bereken. Hy moet bereid wees om die volle weg met Jesus te gaan.

“Het u al uit die verlatenheid tot God geroep? Dan wil die Heilige Gees u vanmôre aan sy tafel die versekering gee: Jou skuld is vergewe. Jou sonderekening is vereffen. Jou Vader-kind verhouding met God is herstel. Jy was verlore en kyk, nou is jy gevind. Want Broers en Susters, God het die geroep van sy Seun Jesus aan die kruis verhoor.

“Amen.”